

## Paniek en vrees erger as Korona **Wêreldekonomieë stort in duie**

Tot sowat 'n maand gelede was daar net een saak wat op almal se lippe was: Eskom. Dit was deurgaans die hoof nuus en miljoene rande is deur die publiek spandeer om selfversorgend te raak met elektrisiteit.

Skielik kan Eskom genoeg elektrisiteit lewer en Eskom is vergete. Die enigste nuus deur die media is die Korona-virus. Natuurlik is almal bekommerd. Daar is egter ook diegene wat ernstige en belangrike vrae vra. Wat sit werklik agter die Korona-virus? Dat dit nie sommer net gaan verdwyn nie, is waar. Dat dit (veral hier by ons in Suid-Afrika) ná die inperkings kan toeneem, is 'n moontlikheid.

Daar is twee sake waarvoor nie getwyfel kan word nie. Die virus het 'n massa-histerie veroorsaak. Die vrees vir die siekte is baie erger as die siekte self. En tweedens: die wêreldekonomie gaan in duie stort soos nog nooit ooit beleef nie. Dit gebeur reeds. Dit sal net vererger. Die paniek wat gesaai word, is besig om ekonomieë van state so 'n groot nekslag toe te dien dat baie nie daarvan gaan herstel nie. Armoede en hongersnood gaan volg.

Dr Brian Monahan, 'n mediese dokter van die Amerikaanse Kongres, beweer dat minder as 1% mense aan die virus sal sterf. David Icke van Brittanje sê in 'n video-opname wat versprei word, dat hy die syfers oor die sterftes aan Korona betwyfel. Hy wys daarop dat mense met 'n sterk immuniteit die virus sal oorleef. Dit is die ou mense en mense met 'n swak immuniteit wat die slagoffers van die virus gaan wees. Hy is daarvan oortuig dat die virus die wêreld se ekonomiese stelsels gaan vernietig.

Icke se mening is dat regerings 'n fout maak om alle mense in te perk. "Laat die jongmense voortgaan met hulle werk en die ekonomie staande hou. Spandeer die geld om die ou mense en die swakkes medies te versorg. Dan sal die ekonomie staande bly".

Die vrees en paniek het natuurlik die gevolg dat die ganse mensdom tot vrees en onderdanigheid gedwing is. Nog 'n vraag wat gevra kan word, is waarom ingeligte kommentators se menings hoofsaaklik deur die media geïgnoreer word.

In Suid-Afrika word die een maatreël na die ander ingestel. Die een staatskoerant na die ander word

gedruk. En dan... kom die swart massa in opstand en is die ANC-regering en sy ministers maar te geneë om aanpassings te maak. Is dit sinvolle bekampings van dié "gevreese" siekte? Bo-aan die lys is die eise van die taxi-bedryf.

Die randwaarde het reeds drasties geval en nadat Moody's Suid-Afrika tot rommelstatus afgegradeer het, het Fitch Ratings Suid-Afrika se staatskuld tot nog dieper rommelstatus afgegradeer. Hoër pryse op die winkelrakke is almal se voorland. Ingevoerde produkte soos klere en skoene se pryse gaan die hoogte inskiet. Intussen word drankwinkels beroof en die gesteelde drank verkoop.

Die staat se Solidariteitsfonds groei sterk. Die paniek maak mense se beursies oop. En dan kom die resultaat: dié geld gaan hoofsaaklik vir die klein swart ondernemings aangewend word.

Maar die boere word nie vergeet nie. R1,2 miljard word deur die staat aan kleinboere beskikbaar gestel, maar slegs die opkomende boere sal gehelp word. Kommersiële boere moet geld by die Landbank en die handelsbanke leen. 'n Boervrou skryf onder andere op die Facebook: "Vir jare vul ons vormpies in vir hulp, maar daar is nie geld nie. Meer boere het al hulle lewens geneem as gevolg van die droogte as wat daar mense in Suid-Afrika dood is as gevolg van Korona".

Dit is nie die virus wat die volgende ekonomiese depressie gaan veroorsaak nie — dit is die paniek en vrees, die gewillige propaganda van die media en die rondspring oor beleid en regulasies.

### Werda Gastehuis

- \* Akkommodasie in Upington.
- \* Gratis parkering op perseel.
- \* Elke kamer is toegerus met 'n platskerm TV en 'n ketel.
- \* Alle kamers het bad- of stortgeriewe.
- \* Naaste lughawe is Upington Lughawe, 5km ver.

+27 823380934

admin@werdakamers.co.za

## Tot waar?

Die nuus van die afsterwe van genl. Constand Viljoen het redelik weggeraak in die hele Korona-pandemie se nuus.

Ironies dat iemand wat waarskynlik sou kwalifiseer vir 'n staatsbegrafnis, nou redelik in stilte begrawe gaan word, terwyl nie meer as 50 mense die begrafnis mag bywoon nie. Dit is een van die vryhede wat deur die inperkings van die burgers weggeneem is.

Sou daar baie meer by genl. Viljoen se begrafnis wees onder normale omstandighede? Dalk dat mense soos Leon Wessels, Roelf Meyer en FW de Klerk graag daar sou wou wees, want hulle oorgawe is moontlik gemaak deur Viljoen se skielike besluit om wel aan die 1994-verkie-sing deel te neem, en die gedagte van Afrika-nervryheid daarmee te vernietig.

Nou is die ironiese situasie dat die Afrikaners wat nie vir die ANC stem nie (of hulle weggebly het en of hulle elders hulle kruisies getrek het) die ANC se inperkingsregulasies nakom en respek-keer, terwyl die 90 persent van die bevolking

wat wel die ANC ondersteun, hulle nie steur aan daardie regulasies nie. Dit toon net hoedat die besluit van Constand Viljoen beslis bygedra het tot die vernietiging van enige vorm van verzet wat die Afrikaner nog gehad het. Vandag is daar feitlik geen verzet van enige aard oor nie en doen ons slaafs wat die ANC van ons vereis.

Ons laat onself inperk terwyl die massas hulle nie daaraan steur nie en die strate oorspoel, vragmotors wat vleis vervoer, beroof, en wat boere se oeste reeds van die lande af stroop, terwyl die boere nie durf of daarteen kan optree nie.

Behalwe dat ons vryheid van beweging weggeneem is, en kinders nie eens hulle bejaarde of selfs siek ouers in ouetehuse mag besoek nie, is daar ook regulasies wat al redelik ver gaan in die beperking van vryheid van spraak.

Uiteraard wil almal van ons gesond bly en die gevaar van die virus vermy. Om daarvoor egter 'n polisiestaat te skep wat feitlik elke tree en elke asemteug wil beheer, gaan op die lange duur 'n groter gevaar skep.

Opvallend dat feitlik die hele wêreld dieselfde maatreëls tref, juis op 'n stadium dat volksnasionale oral besig was om op te vlam en daar weerstand was teen instroming en gelykmaking. Die virus se maatreëls het skielik daardie proses gestuit en staan elke wêreldburger onder min of meer dieselfde drakoniëse inperkings.

Daar is sprake dat die inperkings tyd verleng gaan word. Met die huidige inperking het sowat 'n miljoen mense hulle werk verloor. Met 'n verlenging gaan dit dalk styg na vier miljoen. Gaan daardie honger massas hulleself verder laat inperk? Hulle keuse gaan wees om te sterf aan die virus, of weens honger.

Ons het al 'n vorige keer gesê dat die oplossing in apartheid lê. Laat ons maar beskuldig word van laer trek: as dit ons oorlewing is, moet dit gedoen word. Ons Afrikaners moet mekaar ondersteun, en 'n ingeperkte stelsel binne die stelsel skep: ekonomies, gesondheid, maatskaplik, geestelik.

As die ander hulle nie wil onderwerp aan die staatsgesag wat hulle daar gestel het nie, kan nie van ons verwag word om daarvoor gestraf te word, en ons dit gelate moet aanvaar nie. Trek 'n kordon om Alexandra, Kayelitsha of watter anargistiese plek ook al, en laat hulle daarbinne hulle eie heil bepaal. Ons het die reg tot lewe en tot vryheid, en hoe lank nog voor ons daardie regte werklik gaan opeis?

## Perspektief deur Gawie

### Saamstaan of gehoor gee?

Om die Korona-virus te bekamp, gaan daar byna daagliks oproepe op dat ons moet saamstaan. Met die "ons" word natuurlik al die inwoners van die land bedoel.

Gawie het 'n probleem met die gebruik van die woord saamstaan. Die woordeboek beskryf saamstaan as "soos 'n eenheid optree". Of die bevolking werklik kan optree in hierdie krisis-situasie, is 'n vraag. Dit is die taak van die owerheid om op te tree sodat so min as moontlik van die bevolking daardeur geraak kan word.

Wat nodig is, is dat die bevolking aan die owerheid se oproep en die maatreëls wat die owerheid instel, gehoor moet gee.

En dit is wat Gawie ontstel. Eerstens was die eerste indrukke dat die eie ek van die moderne mens weer die oorhand gekry het en dat baie hulle nie aan die inperkings en ander maatreëls gesteur het nie. Maar wat opmerklik was, was dat dit veral in die swart woonbuurte was waar die dissipline totaal omver gegooi is en die staatsgesag meermale openlik uitgedaag is. Die saamstaan om mekaar te ondersteun, was maar baie laag op hulle agenda.

Die saak wat Gawie ernstig bekommer, is die gevolge van die woord saamstaan. Dit is natuurlik waar dat daarmee bedoel word dat almal, eendragtig, sover dit moontlik is, gehoor gee aan die regulasies. Maar soos die gebruik in die politiek geword het, is hier weer 'n woord in gebruik wat later baie gerieflik deur die ANC en die liberale meningsvormers gebruik gaan word.

Wanneer alles weer normaal is, en die virus-krisis is afgeweer (hopelik met min gevolge) sal die oproep kom dat ons moet saamstaan as volk van Suid-Afrika. Dan sal ons moet saamstaan om die ANC-regering te ondersteun in sy optrede om die krisis wat dan volg, te kan oorbrug. En die belangrikste krisis gaan die ekonomiese ineenstorting wees. Ons weet tog byvoorbeeld dat die ANC nie in staat gaan wees om so 'n ekonomiese toestand te kan bestuur nie.

Die saamstaan sal weer van die kant van die Blankes moet kom om ons van ekonomiese ondergang te red. Die saamstaan sal weer uit die wit beursies moet kom. Ons sal moet saamstaan, al staan ons weer alleen.

Die Korona-krisis het natuurlik die politiek van die dag totaal oorskadu en selfs uit die dag tot dag debatte gehaal. Die verantwoordelikheid om ordelik te regeer, korrupsie en magsmisbruik is op die oomblik van die tafel af.

Na afloop van die krisis sal die politiek hopelik ook herstel. Dan sal die HNP steeds veg vir volkskap, eie kultuur, die Afrikaanse taal, hoë standaarde en verantwoordelike regering. Dan sal die oproep steeds wees dat ons as volksgenote moet saamstaan om ons vryheid in ons vaderland te herstel.



## Oordrewe politieke korrektheid help niks

Terwyl die land gons van virusnuus, die inperking van die hele bevolking as gevolg van die rampspoedige pandemie, is die debat oor apartheid skielik van die agenda verwyder. Nog 'n belangrike saak wat in die skadu teruggedruk word, is die dreigende ineenstorting van Suid-Afrika se ekonomie, nadat drie belangrike graderingsagentskappe dit nou tot rommelstatus verdoem het.

Die virus-krisis en die inperking gaan die nekslag toedien. Talle kleiner maatskappye sal nie die terugslag oorleef nie, terwyl sekere sektore, soos die konstruksiebedryf, ernstig geknou sal word.

Die opvallende feit is dat die ANC-bewind vir sodanige gevolge glad nie voorbereid is nie; die ekonomie is reeds tot op sy knieë bestuur onder 'n swart meerderheidsregering. Dit is juis hierdie regering wat vanaf 1994 toegejuig is as *die wonderwerk* van Suid-Afrika se nuwe demokrasie. Dit sou *konsensusregering* behels met allerlei oorspronklike wigte en teenwigte, en dit sou ongekende groei en indiensneming in die land verseker het. Die teenoorgestelde het natuurlik gebeur.

Nou moet ons dadelik konstateer dat die model van meerderheidsregering (ook genoem die demokratiese transformasie) allerweë aangebied is as die morele alternatief vir die "uitgediende", en "verwerplike" beleid van apartheid.

Na 26 jaar van volgehoue propaganda teen die apartheidbeleid is dit nie vreemd dat baie Afrikaners hulself liever van die beleid wil distansieer as om dit te probeer verdedig nie. Wat mens werklik teleurstel, is dat goeie konserwatiewe Afrikaners hulle laat mislei om liever politiek korrek te probeer wees en apartheid saam met die land se grootste vyande te verdoem.

Ons word gedwing om kortliks repliek te lewer op so 'n geval. Ek verwys na 'n brief wat op 22 April 2020 in *Landbouweekblad* verskyn het. Die brieffskrywer lewer skerp kommentaar op die wandade van die huidige bewind en kom vorendag met 'n pleidooi dat daar ruimte gemaak behoort te word vir geregverdigde kritiek. Hy skryf na aanleiding van die betoog deur die voormalige voorsitter van Agri-SA, Dan Kriek, dat die sogenaamde polariserende diskoers van konserwatiewe Afrikaners glo skadelik sou wees. Die brieffskrywer, Gideon Meiring, behartig die kwessie baie goed en gee duidelike redes waarom kritiek teen die wanpraktyke van die regering deel van die politieke debat behoort te wees.

So ver, so goed. Hy kry dit ook reg dat die brief geplaas word, reeds 'n prestasie wanneer mens *Netwerk24* se vooroordele goed ken. Gideon Meiring spreek hom uit teen die algemene neiging om politiek korrek te wil wees. Tog trap hy self in dié slagkat wanneer hy met een dwarsklap die beleid van apartheid van die tafel afvee. Wat hy presies geskryf het, is die volgende: "Apartheid was, soos slawerny, verkeerd, en dit is afgeskaf."

Daarmee vereenselwig hy homself met die moeder van politieke korrektheid. Waarom was dit nodig? Wat die brieffskrywer nie insien of nie besef nie, is dat byna alles waarteen hy is, die resultaat van die afskaffing van apartheid is. Die ellendes het presies daar begin. Kyk maar net kortliks na sy besware: hy lewer kritiek teen die feit dat Ramaphosa, soos Jacob Zuma, partybelange bo landsbelange stel; dat die grondwet nie gerespekteer word nie; dat 'n klein swart elite stinkryk word deur swart bemagtiging; dat Ramaphosa "minderhede" soos wit Afrikaners en boere, nie goedgesind is nie; dat plaasmoorde en grondbesettings ontken word; dat ANC-leiers wat aan ernstige wanpraktyke skuldig is, beloon word met kabinetsposte; dat van hierdie ministers ontwapening van landsburgers voorstaan in die aangesig van 58 moorde per dag; en dat boere weerloos gelaat word.

Die brieffskrywer skiet so raak as wat mens maar voor kan wens; en hy is heeltomal reg. Veral wanneer hy verklaar: "Myns insiens behoort daar hard en duidelik met die huidige regering gepraat te word".

Net daarna, in die volgende paragraaf, word apartheid veroordeel as "slawerny", dat dit verkeerd was en toe afgeskaf is. Oor die misvatting oor sogenaamde slawerny hoef ons nie eens kommentaar te lewer nie. Dit getuig van onkunde.

Wat die brieffskrywer totaal miskyk, is dat die situasie in ons land en al die ellendes wat hy opnoem, die direkte gevolg is van die afskaffing van apartheid. Die land het in stede daarvan 'n integrasionistiese bestel gekry, 'n swart meerderheidsbewind presies op die Afrika-patroon, juis omdat die Afrikaners en die Blankes almal saam, nie hul staatkundige vryheid teen die kommunistiese aanslag van die ANC-SAKP gehandhaaf het nie. Die enorme skade het gekom omdat hulle deur die JA-stem gemeen het dat hulle 'n nuwe orde kon bou op die ideologie van die demokratiese rewolusie.

Dit is immers die ware oorsaak van die probleme waarmee boere en die Afrikanerdom te doen het. Waarom moet dit verswyg word en uit die debat gehou word? Dit is niks anders as 'n poging tot politieke korrektheid nie; en dit doen skade aan ons geskiedenisbeeld. Was ons werklik die slawedrywers waarvoor ons uitgemaak word? Natuurlik nie!

Die verwerping van die beleid wat die blanke orde beveilig het, is 'n onnodige stuk politieke korrektheid wat ons niks gaan help nie. ■

# So is ons verraai (17)

Uit: Kruger, Paul: *Settlement of the Boer-Afrikaner People's claim to territorial self-determination: Inviting international intervention.* (Verkrygbaar by Chantal Kruger, VVK-kantoor, tel. 079 740 7214).

## APARTHEID, 1948-1994 (8)

### Onderwys (vervolg)

- x. Gedurende die eerste dekade na die inwerkingtreding van die Bantoe Onderwyswet (1953-1963) het die getal swart skoolgaande kinders van 869 000 tot 1 800 000 vermeerder (*Jeffery: 48*). Teen 1979 was dit 'n verstommende 3 484 329 (*Amptelike Jaarboek van die RSA 1980/81: 197*).
- xi. In 1955 het 260 Afrikane die laaste sekondêre skooljaar (matriek) geslaag; teen 1972 was dit byna 3 000 en teen 1986 het die getal op 52 000 te staan gekom. Gedurende die laaste jaar van die blanke regering het dit tot 201 000 gestyg (*Departement van Inligting: 68-69; Jeffery: 49*).
- xii. Waar 90 swart kinders in 1955 matriek met universiteitsvrystelling geslaag het, het die getal in 1994 dramaties gestyg tot 45 000 — 'n verbysterende toename van 68 000% (agt-en-sestigduisend persent) oor 39 jaar. Dit moet sekerlik 'n unieke gebeurtenis in die geskiedenis van onderwys in die wêreld wees (*Jeffery: 61*).
- xiii. Sulke enorme stygings in leerlinggetalle het vanselfsprekend ook 'n soortgelyke vermeerdering in personeel en infrastruktuur genoodsaak.
- xiv. Tussen 1954 en 1979 het swart skole van ongeveer 5 700 na 11 495 vermeerder (*Amptelike Jaarboek van die RSA 1980/81: 197*).
- xv. Met verloop van tyd het die NP-regering ook onderwyser opleidingskole, beroeps- en tegniese opleidingsentra en spesiale skole vir gestremdes gevestig. Daar is verder vir spesiale na-uurse klasse voorsiening gemaak. Die lys kan aangevul word.
- xvi. Swart onderwysers het van ongeveer 21 000 in 1953 tot 72 684 in 1979 vermeerder (*Amptelike Jaarboek van die RSA 1980/81: 197*).
- xvii. Gesamentlik het hierdie maatreëls verseker dat die geletterdheidsvlakke van die Swartes in Suid-Afrika verreweg die hoogste op die hele vasteland van Afrika was. Terwyl dit vir die ouderdomme tussen 12 en 22 by 80% gestaan het, en 71% vir al die ouderdomme in die apartheidstaat, was dit 34% in Nigerië en 26% in Mosambiek.
- xviii. Nog een van die anti-apartheid propagandastellings dat "Bantoe onderwys van minderwaardige gehalte was, sodat die Swarte in 'n permanente staat van onderdanigheid gehou kon word", is ewe belaglik en word maklik weerlê. Swart leerlinge het dieselfde matriekulasie-eksamens as hulle wit eweknieë geskryf, en hulle was aan dieselfde universiteitsvrystellingsvereistes onderworpe. Duisende van hulle het van hulle sogenaamde "minderwaardige skole" na tersiêre inrigtings gepromoveer.
- xix. Sover dit tersiêre opleiding aangaan, was die res van Afrika eweneens ver agter dit wat opeenvolgende wit regerings vir Swartes in Suid-Afrika gedoen het, beide voor en gedurende apartheid.
- xx. Die heel eerste swart universiteit in die hele Afrika is in 1916 by Fort Hare in die Oos-Kaap geopen. Teen 1963 (toe swart studente nog maar 'n klein persentasie was van wat dit later tydens die apartheidregering sou bereik), het Suid-Afrika reeds meer as 2 000 swart graduandi geproduseer — meer as die res van al die Britse kolonies in Afrika gesamentlik.
- xxi. Terwyl Mandela gedurende 1961 besig was om planne te smee om die *onderdrukkende rassistiese regime* met geweld omver te

gooi, het daar in dieselfde jaar 5 135 swart studente aan Suid-Afrikaanse universiteite studeer — hoofsaaklik met blanke belastingbetalers se geld. 316 van hulle was van ander Afrikastate afkomstig wat hoegenaamd geen soortgelyke instellings gehad het nie.

xxii. In 1948 het Suid-Afrika tien universiteite gehad: vier Afrikaans, vier Engels, een swart en een korrespondensie-universiteit vir swart en wit. Teen 1981 het die apartheidsregering elf nuwe universiteite gebou; sewe vir Swartes, een vir Kleurlinge, een vir Indiërs, een vir Afrikaners, een Afrikaans/Engelse dubbel-medium asook vele meer tegniese tersiêre onderwysinrigtings en kolleges. Die sogenaamde “onderdrukkers” het een universiteit uitsluitlik vir hulleself en tien vir ander rasse- en taalgroepe gebou (*Jonker: 212*).

xxiii. Teen 1988 het swart universiteitstudente tot ongeveer 50 000 vermeerder, waarvan min of meer 10 000 aan die universiteite in die tuislande studeer het. Meer as twee dekades na apartheid het bykans al die huidige regters van die Hoërhof hulle opleiding aan die apartheidsera-universiteite ontvang.

xxiv. In 1978 het die Medunsa Universiteit wat in ’n tuisland gevestig was, begin om swart mediese dokters, tandartse, aptekers, en ander mediese spesialiteite op te lei, waarvan sommige begin het om wêreldberoemde operasies uit te voer.

xxv. Danksy hulle kleiner getalle en laer druk op die begroting, was die onderwysgehalte van die Kleurling- en Indiërgemeenskappe selfs beter as die van die Swartes. Die Indiër universiteit in Natal was die enigste uitsluitlik Indiese universiteit in die hele wêreld buite die grense van Indië, en dit op ’n tydstop toe 70% van die bevolking in Indië self analfabete was (*Departement van Inligting: 77; Ensiklopedie van die Wêreld, Vol. 5: 218*).

xxvi. Teen hierdie fenomenale onderwysprogram vir Nieblankes gedurende apartheid kan ’n mens maklik die “prestasies” van die ANC-regering na ongeveer 20 jaar opweeg: “In



*Die Universiteit van Fort Hare*

*its global competitive index for 2013/14, the World Economic Forum ranked the quality of South Africa’s primary education system at 133rd out of 148 countries. It ranked South Africa’s secondary system 146th, or second worse in the world” (Jeffery: 59). In sommige gevalle is daar tot 80 leerders van drie verskillende klasse in een klaskamer, met drie onderwysers wat gelyktydig in drie verskillende tale klas gee. Die gehalte van die onderwysers is van so ’n aard dat sommige van hulle nie die akademiese werk in die leerplan van 12-jarige leerders kan verrieg nie (*Daily Sun, 16 April 2012; Pretoria News, 7 Augustus 2014*).*

xxvii. Die getal swart matrikulante het met die koms van “demokrasie” en die ANC-regering in 1994, van 287 343 in 1994 tot 249 831 in 1999 gedaal. Diegene wat goed genoeg geslaag het om vir universiteitstoelating te kwalifiseer, het in dieselfde periode van 88 497 in 1994 tot 63 725 gedaal (*Sunday Independent: 23 Januarie 2000*).

RIETBOKSTRAAT 2 POSBUS 298 THABAZIMBI 0380		2 RIETBOK STREET P.O. BOX 298 THABAZIMBI 0380
TEL: (014) 777 1618/87 FAKS: (014) 777 1618 FAKS NA E-POS: 086 614 1129 E-POS: spien@lantic.net	<b>S.J. PIENAAR</b> PROKUREUR ATTORNEY	TEL: (014) 777 1618/87 FAX: (014) 777 1618 FAX TO E-MAIL: 086 614 1129 E-MAIL: spien@lantic.net
<b>SCHALK JACOB PIENAAR</b> B.PROC (U.P)		
LITIGASIE EN KOMMERSIËLE PROKUREUR / LITIGATION AND COMMERCIAL ATTORNEY AKTEVERVAARDIGER / CONVEYANCER		
WEBBLAD: <a href="http://www.sjpienaar.net">www.sjpienaar.net</a>		
PROKUREUR ATTORNEY	AKTEVERVAARDIGER CONVEYANCER	BOEDELBEREDDERAAR ADMINISTRATOR OF ESTATES
		TAKSATEUR APPRAISER
		ARBEIDSKONSULTANT LABOUR CONSULTANT

# Maak inperking die beursies toe? **Verjaardagfonds**

Mnr Fritz van Graan, voorsitter van die finansiële komitee en onderleier van die HNP, het sy dank en waardering uitgespreek teenoor diegene wat die afgelope week tot **Die Afrikaner** se verjaardagfonds bygedra het.

Mnr Van Graan sê soos met al die kleinsake ondernemings, tref die inperking as gevolg van die Korona-virus ook die uitgee van **Die Afrikaner**. Hy het sy dank uitgespreek teenoor die redaksie en elke medewerker wat steeds daarin slaag om die blad te produseer en uit te stuur. Almal werk van hulle huise af. Die boodskap van die HNP word geskryf en gepubliseer en uitgestuur.

“Die inperking maak dit onmoontlik om te beweeg en soos normaalweg fondse te kollekteer. Dié aksies, vertrou ons, sal na afloop van die krisis weer met geesdrif deur ons ampsdraers gedoen word om die agterstand wat tans ontwikkel, in te haal”, sê mnr Van Graan.

“Maar, al is ons nie op kantoor nie, moet die maandelikse huur steeds betaal word. Daarvoor vra ons ons lesers om te help dat die HNP in staat is om ook daardie deur oop te hou. Al is ons kantoor tans toe, is die HNP se bankrekening steeds oop om u inbetaling te kan ontvang. Ons neem die vrymoedigheid om u vir u bydrae te vra as u nog nie ‘n bydrae gemaak het nie.

“Die politiek is nooit staties nie. Ons weet nie wat om na die virus-krisis te verwag nie. Die ANC se daaglikse wysiging van besluite en maatreëls dui op onsekerheid en geen beheer nie. Daarop moet vorentoe gekapitaliseer word in belang van die Afrikanervolk. Dan sal die HNP en sy mondstuk, **Die Afrikaner**, ‘n sleutelrol kan speel”.

“Ons spreek ons opregte waardering uit teenoor dié bydraes wat intussen ontvang is”, sê mnr Van Graan.

**Totaal van die vorige bydraes wat reeds erken is: R26 250**

Mnr Horst Graefe	R 500
Dr IJM van der Merwe	R 500
Mev Lulu Steenkamp	R 500
Mnr M Pentz	R 350

**Totaal: R28 100**

- Skenkings kan inbetaal word op die HNP se bankrekening. Die besonderhede is soos volg:  
Absa Tjekrekening. Naam van rekening: HNP  
Takkode: 632 005 Rekeningnommer: 020 001 348  
Verwysing: Van, Voorletters, en **Die Afrikaner**  
Stuur bewys van betaling na [admin@hnp.org.za](mailto:admin@hnp.org.za)

**Om **Die Afrikaner** uit te gee, kos geld.  
Met u finansiële bydrae kan u ons help om daarin te volhard.  
Ondersteun ons asseblief!**

## **Die Afrikaner**

[admin@hnp.org.za](mailto:admin@hnp.org.za)

Tel.: 079 752 4898

**Redakteur:** LJ van der Schyff [info@hnp.org.za](mailto:info@hnp.org.za)

**Uitleg en tegniese versorging:** Juanita Powroznik

**Medewerkers:** Mnr Andries Breytenbach  
Mnr Meinhard Peters  
Mnr Henk van de Graaf  
Mnr Hermanus van der Schyff



# Woord en wêreld



Paasfees sonder ons kerke

Vrydag, 10 April is dit Goeie Vrydag. Dan volg Stil Saterdag en Sondag, 12 April is dit Paassondag.

Hierdie datums is die hoogtepunt van die kerklike jaar: Dit is die herdenking van die kruisiging van Jesus Christus en, veral, Sy opstanding op die derde dag. Met sy kruisiging het Jesus ons sondes op Hom geneem en vir ons sondes gesterf sodat ons wat in Hom glo, die ewige lewe kan hê.

Paassondag is die opwekking van Christus uit die dood. Christus het die dood oorwin. Die opwekking van Christus is die hart van die Christelike geloof. As Christus nie opgewek is nie, is die prediking, geloof en kerklike lewe betekenisloos (1 Kor 15:3-4 en 14). Die opwekking van Christus staan in die sentrum van alles aangesien ons Hom as die teenwoordige Heer ervaar tydens die prediking van Sy Woord, die bediening van die sakramente en in die daaglikse stryd van die lewe.

As Christengelowiges is dit ons erns en gebruik om sowel Vrydag en Sondag kerk toe te gaan. Ons gebruik ook die nagmaal tydens die ere diens op Goeie Vrydag. Nou is daar wêreldwyd inperkings op ons almal se bewegings geplaas. Ook ons kerkdeure is toe. Ons kan nie soos ons graag wil, Vrydag en Sondag kerk toe gaan nie.

Meer nog! Ons is as gewone mense bekommerd. Ons is bekommerd ten spyte van ons vaste geloof, ons gebede en ons wete dat God Sy kinders sal bewaar. Maar dan — hier waar ek sit en skryf, hoor ek die reën. Dit het gister begin reën. Dit het deur die nag gereën. Dit reën sag. Dit reën sonder ophou. En ek weet: God praat met Sy kinders. Hy sê in die sagte reën in 'n sagte vertroostende stem dat Hy ons sal beskerm, want Hy is in beheer. Hy is in beheer van siekte en dood. Hy gee uitkoms op Sy tyd. Hy beskerm Sy kinders — elkeen wat in Hom glo.

In Mattheus 25 lees ons van die tien meisies wat vir die bruidegom gewag het. Dié meisies wie se lampe nie olie gehad het nie, het gepleit vir olie, maar die bruidegom het hulle nie geken nie.

Miskien het die siekte wat die ganse wêreld oorspoel het, en die feit dat die hele wêreld tot stilstand geruk is, ons ook tot stilte geruk om weer te dink en te besin: Is ons lampe gevul met Sy olie? Alles het tot stilstand gekom, maar God slaap nie. Hy beskerm elkeen wat Hom ken as die liefdevolle en genadige Here.

# Dié Land is ons Land!

Nommer 24

## Onafhanklikheid in Republiekwording

### Aanslae op die ZAR se gebiedsintegriteit

Die ontdekking van goud aan die Witwatersrand in 1886 het 'n totaal nuwe situasie in Suid-Afrika tot gevolg gehad. Waar diamante op die grense van die Vrystaat en die ZAR ontdek is, en dit aan die kante deur Brittanje afgeskil kon word deur anneksasie, is goud in die hart van die ZAR ontdek. Die enigste wyse waarop die Britte hul hande daarop kon lê, was om die ZAR self te ontteer. Die aanslag was tweërlei: deur Cecil John Rhodes vanuit die Kaap, en deur Joseph Chamberlain, die Britse Minister van Kolonies, vanuit Brittanje. Die middel in hul hand was die uitlanders wat as fortuinsoekers vanoor die hele wêreld op die goudvelde afgestorm het en deur middel van stemregeise as pionne deur die imperialiste plaaslik en oorsee misbruik is.

Uiteindelik het hul pogings uitgeloop op 'n gewelddadige poging om die ZAR te verower. Die Boere was egter gereed vir hulle, en die Jameson-inval van 1895/96 was 'n klaaglike mislukking. Daarna het die nuwe Hoë Kommissaris aan die Kaap, lord Alfred Milner, probeer om die Boere deur onderhandelinge uit te manuevreer, maar pres. Paul Kruger het hulle toegesnou: "Dit is nie die stemreg wat julle wil hê nie, dit is my land".

Kruger was nie bereid om sy land sonder slag of stoot aan Britse imperialisme en die fortuinsoekers te oorhandig nie, en op 11 Oktober 1899 het die Tweede Vryheidsoorlog uitgebreek. Die Vrystaters, wat sedert 1897 'n offensiewe-defensiewe verbond met die ZAR gehad het, het onder president MT Steyn hul volksgenote te hulp gesnel. Vir drie jaar het hulle 'n heldhaftige stryd teen die vyand gevoer om hulle gebiedsintegriteit te beskerm. Maar uiteindelik was die tol van vrouens en kinders in die konsentrasiekampe te hoog. 27 000 weerloses het daar hul graf gevind, teenoor slegs 6 000 gesneuwelde Boere op die slagveld.

# Constand Viljoen oorlede

Genl Constand Viljoen is op 3 April op sy plaas oorlede.

Hy het in 1980 vir genl Magnus Malan as hoof van die Suid-Afrikaanse Weermag opgevolg. Na sy aftrede uit die Weermag, het hy tot die politiek toegetree. Hy was ten nouste betrokke in Maart 1994 by Boere Krisisaksie se (nie-)optrede in Bophuthatswana en was gemoeid by die onderhandelings met die ANC. Hy was die stigter van die Vryheidsfront.

Na sy afsterwe het die staatshoof van Suid-Afrika, Cyril Ramaphosa, gesê genl Constand Viljoen sal daarvoor onthou word dat hy die konserwatiewe bewegings in die land beïnvloed het om hul planne van militêre weerstand teen verandering te laat vaar.

Die leier van die HNP, mnr Andries Breytenbach, het daarop gesê dat die ANC en die kommuniste dit seker sal onthou (soos hulle De Klerk se weldade aan hulle onthou... en hom verag). Ons sal Viljoen ook daarvoor onthou, elke keer wanneer een van ons mense vermoor word, Witmense se werksaansoeke afgewys word, ens. ens.

“As militaris was hy gerespekteer, en hy was ons respek waardig. Tog jammer dat hy hom in die politiek laat betrek het.

“Toe hy die geleentheid gehad het om ons volk

in ‘n militêre weerstand teen die NP-regering se skandelige oorgawe aan die kommuniste te lei, het hy teruggedeins en by die oorgaweproses ingeval in ruil vir ‘n ‘Akkoord’ wat die ANC nie in die minste van plan was om gestand te doen nie.

“En dan is daar waaragtig vandag nog mense wat hulle op sy ‘Akkoord’ met die kommuniste beroep en verwag dat die ANC aan die Witman ‘n ‘volkstaat’ sal gee. Viljoen het net die gewelddadige konfrontasie uitgestel en wanneer dit gaan plaasvind, sal ons in ‘n tienmaal swakker posisie wees as toe die geleentheid in 1994 daar was om ons land te behou en die ANC en sy geesgenote militêr beslissend te verslaan”, sê mnr Breytenbach.

- Genl Viljoen se rol in die blanke politiek na die referendum van 1992, sy optrede by die vergadering op 7 Mei 1993 in die TLU-saal in Pretoria, sy deelname aan die onderhandelings met die ANC om ‘n veelrassige verkiesing in 1994 te hou, sy konfrontasie met mnr Jaap Marais in Junie 1994, en sy ommeswaai in 1995 toe hy afgesien het van sy beleid van ‘n volkstaat word in die *HNP Gedenkalbum: ‘n Politieke voëlvlug oor 50 jaar* op bls 128 tot 151 behandel.

## 6 April 2020



Op 6 April het Afrikaners Jan van Riebeeck se aankoms aan die Kaap op 6 April 1652 en die gelofte wat hy en sy geselskap twee jaar later op dieselfde datum afgelê het, herdenk.

### Van Riebeeck se gelofte:

“Aangesien dit vandag twee jaar gelede is dat ons met God se hulp en leiding met die skepe Drommedaris, Reyger en Goede Hoop veilig hier geland het, om hierdie fort en kolonie in opdrag van ons here en meesters op te bou, en ons gemerk het dat God die Here al die sake tot vandag toe met baie seëninge, goed en na wens laat verloop het, het ons besluit, en ook vanjaar daarmee begin, om hierdie dag, 6 April, tot God se eer met danksegging te vier, en dit vir altyd as

‘n dank- en biddag in te stel, sodat ons nakomelinge nooit die weldade wat God aan ons bewys het, vergeet nie, maar dit altyd in gedagte mag hou”.

Mnr Andries Breytenbach, leier van die HNP, het oor die belangrike geskiedkundige gebeurtenis soos volg reageer:

“Soos ons weet, was Van Riebeeck se opdrag slegs om ‘n verversingspos te stig, nie om die Kaap te koloniseer nie. Maar God se weë is hoër as ons weë en sy gedagtes as ons gedagtes (Jes 55:9). So het Hy dan beskik dat uit daardie nedersetting uiteindelik ons volk met ‘n eie taal, karakter en lewensbeskouing gebore is; ‘n volk wat ten spyte van veel lief en leed ‘n land verwerf, gegroei en sterk geword het omdat ons Hom en sy woord as die Oppergesag oor ons lotgevalle erken het.

“Helaas, toe ons ons hoë roeping prysgegee en gekies het om geesgelyk te wees met die volke van Afrika wat ons omring, is ons verneder tot waar ons ons vandag bevind. Kom ons keer met erns terug tot Hom, dan sal Hy ons genees”.